



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

REKENINGKUNDE

2018

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 300

NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). Let wel: As syfers aangedui in memo vir komponente of bewerkings, dra hierdie nie die metode punt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Hierdie memorandum is nie vir verspreiding in die publiek nie' omdat sekere items dalk verkeerd gehanteer is. Aanpassings is gemaak a.g.v. sekere vrae
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
9. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Let wel: kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, wees of per memo.
10. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Waar metodepunte toegeken word vir een deel korrek, moet die nasiener die redelikheid van die antwoord ondersoek en ten minste een deel korrek, voor die punt toegeken word. As 'n syfer 'n metodepunt verdien het word dit beskou 'een deel korrek'
11. In bewerkings, moet nie punte toeken nie vir bewerking as teller en noemer omgeruil is – hierdie is ook van toepassing op verhoudings.
12. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige vir enige item wat foutief is nie, ten minste gedeeltelik. Dui aan met 'n ☒.
13. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die memorandum verskaf..
14. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie antwoordeboek bestaan uit 16 bladsye

VRAAG 1

1.1.1

KONTANTONTVANGSTE- JOERNAAL		KONTANTBETALINGS- JOERNAAL
R510 607		R488 260
4 800 ✓✓		25 000 ✓✓
6 250 ✓		1 425 een punt +575 een punt ✓✓
145 ✓		2 000
		230 ✓
		1 850 ✓
		3 600 ✓✓
521 802 ☒ *		520 940 ☒ *

KOJ 1 850 KBJ 3 700
 1 punt vir beide
 KOJ 2 630 en KBJ 6 230
 Beidemoet getoon word vir 2 punte
 Kan nie minder as R521 802 en 520 940 wees nie

*bewerking, een deel korrek en moet die totale a/b insluit

14

Vreemde items -1 (maks -1) bv 6 950; 12 675; 18 450; 30 975 (van vorige bvs)
 En /of ander vreemde inskrywings foutief gedupliseer in joernale en/of rekonsiliasie (punte erens anders verdien)

1.1.2 Bereken die Bankrekeningsaldo op 30 April 2018 in die Grootboek van Hartfield Verskaffers.

R30 975	☒	Tekens kan weggelaat word (of hakies mag gebruik word) maar bewerking moet toepaslik wees vir die antwoord
+ 521 80	☒	sien 1.1.1 KOJ total ; netto effek kan getoon word
- 520 94	☒	sien 1.1.1 KBJ total; netto effek kan getoon word
31 837	☒	bewerking, korrekte oordrag; beide KOJ moet pos en KBJ moet neg wees ; moet saldo van R30 975 insluit (kan dus meer of minder as 30975 wees)

Aanvaar alternatiewe aanbiedinge van berekeninge soos 'n grootboekrekening/vergelyking formaat.

3

1.1.3 Bankversoeningstaat op 30 April 2018

-1 maks aanbieding van besonderhede as punte verdien word vir syfers.	Een kolommetode. Merk tekens konsekwent	Debiet	Krediet
-			
Saldo volgens bankstaat	41 537 Kan nie 18 450	Bewerking Balanseersyfer	41 537 ☒ Kan nie 18 450
Krediteer uitstaande deposito	10 000		10 000 ✓
Debiteer uitstaande items			
Nr. 613	(13 400)	13 400 ✓	
Nr. 652	(5 650)	5 650 ✓	
EFO – Small	(2 500)	2 500 ✓	
Krediteer bedrag foutief Dt	1 850		1 850 ✓✓
Saldo volgens bankrekening		31 837 ☒	Sien 1.1.2
	Sien 1.1.2 31 837	53 387	53 387

Vreemde items -1 (maks -1) bv. 6 950; 12 675; 18 450; 30 975 (van vorige bvs)
 En /of ander vreemde inskrywings foutief gedupliseer in joernale en/of rekonsiliasie (punte erens anders verdien))
 TWEE kolommetode: Aanvaar debiet gevolg deur krediet kolom. Merk negatiewe syfers verkeerd.

8

1.2 Die interne ouditeur is bekommerd oor die bestuur van kontant.

1.2.1 Verduidelik TWEE verskillende probleme om haar bekommernis te regverdig. Haal syfers aan.

Enige twee geldige antwoorde: Probleem ✓ diefstal ✓ oorrol Syfer of datum ✓ ✓
 Moet nie foutiewe boekstaving van tjek aanvaar nie Alternatiewe terme kan aanvaar word

Probleme: kontroleer of 2 aspekte as een verduideliking gegee word

- Diefstal/Bedrog/Interne kontrolemaatreëls ontbreek (R25 000 vermis) Aanvaar datums ipv bedrae
- Oorrol van geld: R12 675 ontvang op 10 Maart en eers op 28 April 2018 gedeponeer OF R10 000 is ontvang op 20 April 2018 en is steeds uitstaande.

4

1.2.2 Gee raad (TWEE punte) oor hoe om sulke probleme in die toekoms te vermy.

Enige twee geldige antwoorde: ✓ ✓

- Skep 'n beleid vir gereelde, daaglikse deponering
- Versoek kennisgewing van bank vir alle transaksies (sms).
- Verdeling van pligte/ een persoon dien as 'n kontrole vir ander
- Kontroleer gereeld met bankstaat
- Gebruik 'n sekuriteitsmaatskappy om geld te vervoer
- Vra debiteure om per EFT te betaal
- Agtergrond studies/polisieklaring van werknemers

2

1.3 Verduidelik TWEE voordele van die gebruik van die elektroniese-fondsoordrag- (EFO/'EFT')-stelsel eerder as tjeks vir direkte betalings aan verskaffers.

Enige TWEE toepaslike geldige antwoorde ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike verduidelikings

- Goedkoper as tjekbetalings of debietorders. (slegs data koste)
- Geen wagtydperke soos met tjeks voor geld beskikbaar is
- Minder bedrog en diefstal as met tjeks
- Betalers kan gelukkig wees want fondse kan gouer kan enige tyd gedurende dag of nag gemaak word (nie beperk tot bankure)
- Elimineer risiko wat met verlore/gesteelde/ vervalste tjeks (meer sekuriteit)
- Vereenvoudig boekhouding and effektiwiteit (spaar tyd/transaksies gouer/bewys van betaling onmiddellik)

4

TOTALE PUNTE
35

VRAAG 2

2.1

Aanvaar afkortings

2.1.1	Verkoops- en verspreidingskoste	✓
2.1.2	Direkte arbeidskoste	✓
2.1.3	Direkte materiaal/grondstofkoste	✓
2.1.4	Administrasiekoste	✓

4

2.2 TIGHT-FIT VERVAARDIGERS

2.2.1

Bereken: Waarde van die slotvoorraad van kledingstof/materiaal			
Bewerkings		Antwoord	
$\frac{2\,607\,000}{23\,700}$ ✓	x 3 900 ✓	429 000 ✓	
110 two marks		Bewerking een deel korrek Moet X 3 900 wees	4

Bereken: Waarde van direkte materiaal/grondstowwe vir produksie			
Bewerkings		Antwoord	
$2\,607\,000 - 429\,000$ ✓ ☒ sien hierbo		2 178 000 ☒	
OR $(23\,700 - 3\,900) \times 110$ een metodepunt (sien hierbo) 19 800 een punt		Bewerking een deel korrek	

Bereken: Korrekte fabrieksbokoste			
Bewerkings		Antwoord	
$69\,600 - 13\,050$ twee punte		862 500 ☒	
746 670 + 56 550 ✓✓✓ + 59 280 ✓✓ Vb 746 670 + 56 550 - 59 280 sal drie punte plus metode punt by antw wees 746 670 - 56 550 - 59 280 sal 0 punte en geen metode punt by antw wees		bewerking een deel korrek	6

2.2.2 Produksiekostestaar vir die jaar geëindig 31 Maart 2018.

Foutiewe plasing van DMK and FBK moet nie dié punt gee vir besonderhede; sal metode punt verdien self as foutief geplaas Sal ook metode punt by PKsubtotaalverloor
-1 aanbieding as GIB besonderh nie verskaf word nie

✓ Direkte materiaalkoste	sien DMK in 2.2.1	2 178 000 ☒	
Direkte arbeidskoste		3 522 000 ✓	
Primêre koste	moet DMK + DAK	5 700 000 ☒	
✓ Fabrieksbokoste	sien FBK in 2.2.1	862 500 ☒	
Totale produksiekost	Bewerking een deel korrek: DMK + DA en FBK Ongeag plasing	6 562 500 ☒	
Goedere-in-bewerking aan begin van jaar		147 500	
*Produksiekost van KlarP: $231 + x = 6518 + 118$ or $231 - 118 - 6518 = -x$ or $-118 - 6518 + 231$ antwoord moet positief wees		6 710 000	
Goedere in bewerking aan einde van jaar	Balanseersyfer: Moet nie 231000 of 118 000 aanvaar nie Moet bg subtotaal wees min koste van produksie van klaarprod	(305 000) ☒	
Koste van produksie van klaarprodukte	bewerking een deel korrek	6 405 000 ☒	
*Kan T-rek doen $(118\,000 + 6\,518\,000 - 231\,000)$			12

2.2.3 Gee TWEE redes waarom die onderneming plaaslike verskaffers moet ondersteun.

Enige TWEE relevante redes ✓ ✓

Redes:

- Geen invoerkoste moet betaal word nie
- Minder vervoerkostes
- Pryse meer stabiel. Pryse nie beïnvloed deur skommeling in wisselkoerse.
- Skep meer werkgeleenthede vir die inwoners van die land verhoog/ verhoog BBP/help kleiner besighede/verbeter lewensstandaard
- Geen vertraging in geval van noodbestellings of terugsendings nie
- Geld bly in die land/verbeter wisselkoers
- Minder misdaad as indiensneming verbeter
- Goeie betrekkinge van die gemeenskap (Ubuntu)

2

2.3 BREAK-TIME VERVAARDIGERS**2.3.1 Bereken die direkte arbeidskoste vir die jaar geëindig 30 April 2018.**

Bewerkings	Antwoord
331 500 x R7,56	R2 506 140 ✓✓

2

Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 30 April 2018.

Bewerkings	Antwoord
$\frac{R3\ 102\ 500}{R28 - R19,50}$ ✓ 8,50 twee punte	365 000 eenhede ✓ Bewerking een deel korrek Mag nie R c of % wees nie Eenhede hoef nie genoem te word

4

2.3.2 Verduidelik waarom die eienaar oor die gelykbreekpunt bekommerd moet wees. Haal syfers aan.

Vergelyk GBP met vlak van produksie ✓✓ Syfers ✓

- Die onderneming vervaardig en verkoop 331 500 eenhede. Dit is onder die gelykbreekpunt van 365 000 eenhede (33 500 eenhede minder) sien 2.3.1
- Die GBP het toegeneem met 131 000 eenhede (56%) terwyl die aantal eenhede geproduseer en verkoop met 37 500 eenhede (13%) toegeneem het.

3

2.3.3 Verduidelik waarom die eienaar NIE met die direkte arbeidskoste per eenheid tevrede sal wees NIE. Haal syfers aan.

Neiging ✓ syfers ✓ verduideliking ✓ moet nie kommentaar op totale DA aanvaar nie

- Neiging: Die toename in arbeidskoste is R1,96 (5.60 – 7.56) per eenheid/35% toename/ DA per eenheid het met 35% toegeneem terwyl eenhede geproduseer met 13%
- Verduideliking: Dit oorskry die inflasiekoers /werkers oneffektief/produksievolumes het nie soveel toegeneem as die DA per eenheid

3

Noem EEN oplossing vir hierdie probleem.

Enige EEN relevante kontrole maatregel ✓✓ Deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoord

- Stel produksiedoelwitte (gedurende gewone tyd)/tyd- en werkstudie.
- Beter toesighouding om te verseker dat werkers aan diens is gedurende normale werksure/Stel limiete op oortyd en sien toe dat voorman dit kontroleer.
- Heroorweeg werkvoorwaardes bv. minimum normale ure, oortydtarief/
- Beplan vir onderbrekings a.g.v. kragonderbrekings, stakings ens.
- Neem deel aan vaardigheidsontwikkeling om doeltreffendheid van werkers te verbeter.
- Maak meer van masjinerie gebruik
- Onderhandel bekostigbare/redelike(in lyn met inflasie) verhogings in salarisse en lone

2

TOTALE PUNTE

45

VRAAG 3

3.1.1 Bereken die waarde van die slotvoorraad van fietse op 31 Mei 2018.

	Bewerkings	Antwoord
Tempo	8 500 x 4✓ KP moet vermenigvuldig met korrekte	☒ 34 000
Cruze	9 400 x 40 ✓ KP moet vermenigvuldig met korrekte	☒ 376 000
Ryder	7 400 x 57✓✓ KP moet vermenigvuldig met korrekte	☒ 421 800
	Bewerking een deel korrek	☒ 831 800

OF

Aanv v aankope kwv Tempo kwv Cruz kwv Ryder
 [- 561 000 -2 068 000 - 725 200]
 595 000 + 3 591 000 [-.....-3 354 200.....] = R831 800
 Een punt vir beide een akkuraatheid en een metodepunt op elke model een metode punt

8

Bereken die koste van verkope vir die jaar geëindig 31 Mei 2018.

Aanvangsvoorraad	✓ 595 000	
Netto aankope	✓ 3 591 000	Een punt as al 3 syfers in bewerking getoon word
Slotvoorraad	☒ (831 800)	Sien bo
Koste van verkope	☒ 3 354 200	Bewerking een deel korrek

OF (8 500 x 66) + (9 400 x 220) + (7 400 x 98) = 3 354 200

OF een punt een punt een punt een metode punt
 (8 500 x 66) + (9 400 x 220) + (7 400 x 98) = 3 354 200
 561 000 2088 000 725 200

4

Bereken die bruto wins vir die jaar geëindig 31 Mei 2018.

✓ ☒ Sien bo ☒ Bewerking een deel korrek
 5 185 420 - 3 354 200 = 1 831 220

OF

66 x 8 500 x 60%) + (220 x 9 400 x 60%) + (98 x 7 400 x 35%) Twee metode punte en een akkuraatheid punt
 336 600 + 1 240 800 + 253 820 = 1831 220

3

3.1.2 Bereken die verkoopprijs van 'n Ryder-fiets.

✓ ☒ Bewerking een deel korrek
R979 020 = R9 990
 98 ✓

Een punt Een punt Een metodepunt

OF R 7 400 x 135/100 = R9 990 OF R 7 400 + R2 590 = R9 990

3

Bereken die gemiddelde getal Ryder-fietse wat per maand verkoop word.

✓ ✓ ☒ Bewerking een deel korrek
 98 ÷ 9 = 10,9 per maand

3

Dui aan hoe lank dit Fred sal neem om die slotvoorraad van die Ryder-fietse te verkoop. Toon berekeninge.

Vir drie punte: 57 eenhede ☒ sien 3.1.1 ÷ 10,9 per maand ☒ = 5,2 maande ☒ 57 eenhede ☒
 sien 3.1.1 ÷ 10,9 per maand ☒ = 5,2 maande ☒

OF 57 eenhede X 9 = 5,2 maande of omtrent 157 dae
 98 eenhede 1

OF 421 800 3.1.1 X 270 = 5,2 maande of omtrent 157 dae
 725 200 1

Vir twee punte:

421 800 X 365 = 212,3 dae
 725 200 1

OF 57 eenhede X 12 = 7 maande
 98 eenhede 1

3

Gee EEN moontlike rede vir die stadige verkoop van Ryder-fietse.

EEN geldige rede: ✓✓ deelpunte vir onduidelike/ onvolledige antwoord

- Die klante hou nie van die nuwe Ryder model
- Klante is nie bekend met hierdie model nie/swak bemarking
- Hierdie is 'n nuwe model/Klante is nie bekend met hierdie model nie/ /swak bemarking

Gee vir Fred raad (EEN punt) in hierdie verband.

EEN geldige punt van raad: ✓✓ deelpunte vir onduidelike/ onvolledige antwoord

- Kyk uit vir ander model om Ryder model te vervang
- Staak verkope van hierdie model aangesien winsopslag % laag is
- Adverteer/bevorder die positiewe eienskappe van die nuwe model

4

3.2.1**Verduidelik waarom dit NIE 'n goeie idee was om na 'n goedkoper verskaffer van T-hemde te verander NIE. Noem TWEE punte.**

Enige twee geldige punte: Verduideliking ✓ ✓ Syfersverduideliking ✓ ✓ syfers ✓ ✓

Moontlike antwoorde:

- Die terugsendings deur klante is op van 0 tot 40/ (moet nie swak kwaliteit alleen aanvaar nie)
- Alhoewel meer eenhede verkoop is, het die totale Bruto wins verminder van R43 200 tot R29 000 of met R14 200 (32,9%)
- Die handhawing van die winsopslag van 50% op kosprys het bygedra tot 'n laer verkoopprijs (R45 goedkoper) veroorsaak dat klante kwaliteit bevraagteken.

4

3.2.2**Celia het besluit om in 2018 van verskaffer te verander en om die winsopslag-% te verander. Hoe het hierdie besluit die onderneming geraak? Noem TWEE punte.**

Enige twee geldige punte: verduideliking ✓ ✓ syfers ✓ ✓

Moontlike antwoorde:

- Totale eenhede verkoop verminder van 165 tot 150/ met 15 eenhede/ met 9%
- Geen terugsendings in 2018/terugsendings is af van 5 tot 0
- Die bruto wins neem toe van R61 600 tot R97 500 met R35 900/58.3%

4

3.2.3**Maak TWEE afsonderlike voorstelle aan Celia om in 2019 die wins op broeke te verbeter.**

Enige twee geldige punte: verduideliking ✓ ✓ syfers ✓ ✓

Moontlike antwoorde:

- Adverteer meer om verkope te verhoog want dit af is van 325 tot 280
- Verhoog die verkoopprijs (winsopslag) om > 910 en < 990 te wees
- Vind 'n goedkoper verskaffer, kosprys het opgegaan v R620 tot R650

4

TOTALE PUNTE

40

VRAAG 4

4.1

Aanvaar afkortings vir Waar of Onwaar	
4.1.1	Waar ✓
4.1.2	Onwaar ✓
4.1.3	Waar ✓
4.1.4	Onwaar ✓
4.1.5	Onwaar ✓

5

4.2 MODISE BPK.

4.2.1 BEHOUE INKOMSTE

Ignoreer vreemde items: aanbieding -1 maks

Saldo aan begin van jaar	R567 000
Fondse gebruik vir terugkoop van aandele (250 000 x R0,25)	✓✓ (62 500)* Ignoreer hakies
Netto wins na belasting (3 400 000 ✓ – 918 000 ✓✓) of 3 400 000 x 73% bewerking een deel korrek	☑ 2 482 000
Gewone aandeledividende bewerking een deel korrek	☑ (2 400 000)* Ignoreer hakies
Interim/tussentyds	✓ 672 000
Finaal (4 800 000 ✓ x $\frac{36}{100}$ ✓) of 36 sent of 0of0,36 (4 550 000 + 250 000) bewerking een deel korrek	☑ 1 728 000
Saldo aan einde van jaar bewerking een deel korrek * Syfers moet afgetrek word	☑ 586 500

12

4.2.2 MODISE BPK.

BALANSSTAAT OP 28 FEBRUARIE 2018

BATES		
Niebedryfsbates Bewerking TB – BB	☒ 13 386 500	
Vaste bates Bewerking; balanseersyfer	☒ 12 666 500	
✓ Vaste deposito: Belegging/finansiële bates (48 000 ✓ x ¹² / ₁₀ ✓ x ¹⁰⁰ / ₈ ✓) Bewerking; een deel korrek Wees bedag op alternatiewe berekeninge	☒ 720 000	(7)
Bedryfsbates Geen deelpunte (2 600 000 x 1,5)	✓✓ 3 900 000	
Vorrade (1 015 000 ✓ + 25 000 ✓)	✓ 1 040 000	
*✓ Handels- en ander ontvangbares (554 000 ✓ – 33 240 ✓✓ + 19 240 ✓) bewerking een deel korrek	☒ 540 000	
*✓ Kontant en kontanbetekwivalente bewerking balanseersyfer	☒ 2 320 000	
TOTALE BATES sien totaal vir E+L	☒ 17 286 500	(14)
EKWITEIT EN LASTE		
Gewone aandeelhoudersbelang bewerking, een deel korrek (bv BI syfer van nota): GAK + BI	☒ 14 236 500	
Gewone aandeelkapitaal	13 650 000	
*✓ Behoue inkomste Sien 4.2.1 kan negatief wees	☒ 586 500	(3)
Niebedryfslaste	450 000	
*✓ Lening van direkteur (630 000 ✓ – 180 000 ✓✓) of x 12/42 15 000 x 12 Bewerking een deel korrek	☒ 450 000	(5)
Bedyfslaste	2 600 000	
Handels- en ander betaalbares bewerking, balanseersyfer	# ☒ 674 000	
Aandeelhouders vir dividende sien 4.2.1	☒ 1 728 000	
SAID: Inkomstebelasting 4.2.1 of 3 400 000 x 27% (918 000 ☒ – 900 000 ✓) een deel korrek	✓ ☒ 18 000	
*✓ Lening (huidige deel) sien hierbo	☒ 180 000	(9)
TOTALE EKWITEIT EN LASTE Bewerking GAB + NBL + BL	☒ 17 286 500	

Ignoreer vreemde items

*Moet nie punte toeken vir besonderhede as item foutief geplaas is

As foutief geplaas is, merk bewerking; -1 in elke geval

Aanvaar negatiewe bedrae vir balanseersyfer gebaseer op kandidaat se syfers

as daar bewyse is vir korttermyn deel van lening ingesluit is in handels en ander kred, ken 2 metode punte toe

4.2.3 Die direkteur wil R500 000 aan 'n plaaslike skool gee. Gee TWEE redes waarom maatskappye sulke besluite neem.Enige TWEE geldige redes ✓✓ ✓✓ **deelpunte vir onduidelike/ onvolledige antwoord**

- Dit vorm deel van hulle korporatiewe sosiale investering (KSI)/ verantwoordelikheid (KSV)/ In ooreenstemming met King Kode.
- Dit lei tot goeie betrekkinge met die gemeenskap (positiewe beeld/goeie publisiteit) waarbinne hulle funksioneer
- Verskaf 'n veiliger omgewing vir die skool/dra by tot voorsiening van beter fasiliteite vir leerders.
- Belasting aftrekbaar

4

4.3 OUDITVERSLAG**4.3.1 Verduidelik kortliks die rol van 'n onafhanklike ouditeur.**EEN geldige verduideliking: ✓✓ **deelpunte vir onduidelike/ onvolledige antwoord**

- Die onafhanklike ouditeur spreek 'n mening uit oor die regverdigde voorlegging van die finansiële state
- Beskerm die belange van die aandeelhouders/publiek.

Verwagte antwoorde vir maks van 1 punt:

- Kontroleer die boeke/Interne kontrole/Opspoor van bedrog

2

4.3.2 Het Denga Beperk 'n gekwalifiseerde/ongekwalifiseerde/weerhouding-van-mening-ouditverslag gekry?Gekwalifiseerde verslag ✓ **Kan in antwoordboek onderstreep word****Verduidelik jou keuse kortliks.** **Sien onafhanklik na ongeag antw hierbo****Verduideliking** ✓✓ **deelpunte vir onduidelike/ onvolledige antwoord**

Geldige antwoorde vir twee punte:

- Die auditopinie wat uitgespreek is het 'n uitsondering gehad daardeur het hulle die verslag gekwalifiseer met betrekking tot die gebrek/uitsondering. met betrekking tot advertensieuitgawes.
- Advertensiekoste van R500 000 wat nie geverifieer word nie.

3

4.3.3 Noem DRIE moontlike gevolge vir die onafhanklike ouditeur as hy die advertensieuitgawe NIE in sy verslag genoem het NIE.

Deelpunte vir onduidelike / onvolledige antwoorde; een-woord antwoorde aanvaarbaar vir 'Noem'

Drie verskillende gevolge ✓ ✓✓ ✓✓

MOENIE ONTSLAG AANVAAR NIE

- Hy kan aan dissiplinêre verhoor onderwerp word
- Hy kan gearresteer word (vir bedrog)
- Hy kan gederegistreer word/geskrap van rol
- Tydelik geskors (gedurende ondersoek)
- Beboet word
- Hy kan aangekla word deur aandeelhouders (verantwoordelik gehou word), as hulle agterkom dat hy nalatig was in die uitvoering van sy pligte
- Hy kan kliënte verloor/afgedank word deur kliënte / sal nie aangestel word nie
- Nie vertrou nie / integriteit bevraagteken word.

6

TOTALE PUNTE
70

VRAAG 5

5.1

5.1.1	C	✓
5.1.2	D	✓
5.1.3	A	✓
5.1.4	B	✓

4

5.2 MALOTRA BPK.

Ignoreer hakies in finale antwoord

5.2.1

	Bewerkings	Antwoord
(a)	6 192 350 ✓ – 4 256 350 ✓	R1 936 000 ✓
(b)	535 250 ✓ + 419 750 ✓	R955 000 ✓
(c)	1 415 000 ✓ – 955 000 ☒ verwys na (b) OF een punt een punt 800 250 – 340 250 een punt een punt (1 415 000 – 614 750) – (535 250 – 195 000) een punt een punt (1 415 000 – 614 750) + 195 000 – 535 250	R460 000 ☒ Bewerking een deel korrek
(d)	✓ 905 000 ✓ (1 500 000 – 595 000) x 20%	R181 000 ☒ Bewerking, moet met 20% vermenigvuldig
(e)	(1 500 000 – 595 000) een punt vir beide 905 000 ✓ – 181 000 ☒ – 626 000 ✓ verwys na (d)	R98 000 ☒ Bewerking een deel korrek

16

5.2.2

Bereken die netto wins na inkomstebelasting op 28 Februarie 2018.

Bewerkings	Antwoord
286 200 ✓ x $\frac{70}{30}$ ✓ of 954 00 een punt – 286 200 een punt	R667 800 ✓

3

5.2.3

Bereken die dividende betaal.

Bewerkings	Antwoord
176 000 ✓ + 332 000 ✓ – 132 000 ✓ Kan T-rek doen 200 000 twee punte OF: -176 000 – 332 000 + 132 000	R376 000 ☒ * Bewerking een deel korrek

4

Bereken die fondse gebruik om aandele terug te koop.

Bewerkings	Antwoord
$\frac{6\,512\,000 + 888\,000}{(120\,000 \times 7,40 + 0,60)}$ Kan T-rek doen R8,00 drie punte OF: Een punt een punt een punt een punt (120 000 x 7,40) + (120 000 x 0,60) 888 000 72 000	R960 000 ☒ * Bewerking een deel korrek 888 000 of 72 000 as finale antwoord = twee punte

5

Bereken die opbrengs uit aandele uitgereik.

Bewerkings	Antwoord
$\frac{120\,000 \times 7,40}{6\,512\,000 \times 7,40 + 888\,000 \times 0,60} - 5\,760\,000$ Kan T-rek doen OF: 5 760 000 – 6 512 000 – 888 000	R1 640 000 ☒ Bewerking een deel korrek

5

* Hakies nie nodig aangesien dit slegs 'n bewerking is, KVS nie nodig

5.2.4	Netto verandering in kontant en kontantekwivalente	146 000 ☒ Bewerking van onder af	
	Kontant en kontantekwivalente (beginsaldo)	(109 600) ☒ moet in hakies wees ☒	
	Kontant en kontantekwivalente (eindsaldo)	36 400 ☒	4

5.2.5	Bereken die vuurproefverhouding.		
	Bewerkings	Antwoord	
	665 600 twee punte 1 136 700 ☒ – 471 100 ☒ : 512 000 ☒	1,3 : 1 ☒ Bewerking een deel korrek (x:1)	4
	Bereken die skuld-ekwiteit-verhouding.		
	Bewerkings	Antwoord	
	1 500 000 ☒ : 6 843 300 ☒ Aanvaar 0,22 : 1	0,2 : 1 ☒ Bewerking een deel korrek (x:1)	3
	Bereken die opbrengs op aandeelhoudersbelang.		
	Bewerkings	Antwoord	
	Sien 5.2.2 $\frac{667\,800 \text{ }}{\frac{1}{2} \text{ (6\,843\,300 \text{ } + 5\,826\,500 \text{ })} \times 100$ 12 669 800 twee punte 6 334 900 drie punte	10,5% ☒ Bewerking een deel korrek Moet as % getoon word	5

5.2.6 **Die direkteur het besluit om die lening gedurende die huidige finansiële jaar te verhoog. Verduidelik of dit 'n goeie besluit was, of nie. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan.**

Geen punte vir: Dit was 'n goeie besluit

✓ Skuld-ekwiteit-verhouding is 0,2 : 1 ☒ (sien 5.2.5) 0,1:1/van 0,2:1 tot 0,1:1

✓ Opbrengs op kapitaal aangewend is 14.6%/ 16,4% ☒

Moet geen ander aanwysers aanvaar nie

Verduideliking moet besluit plus rede bevat. Deelpunte vir onvolledige/ onduidelike verduideliking

Antwoord vir twee punte:

Dit is 'n goeie besluit want daar is positiewe hefboom (OOTKA is meer as rentekoers op lenings)/ en daar is lae risiko (maak nie oormatig gebruik van geleende kapitaal nie). ☒

Antwoord vir een punt:

- Dis 'n goeie besluit want nog steeds laag gerat
- Dis 'n goeie besluit want nog steeds lae risiko

6

5.2.7 Lewer kommentaar op die prys betaal vir die aandele terugkoop op 1 Januarie 2018. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan.

Moet NBW en markprys vergelyk met terugkoopprys : nie gemiddelde aandele prys nie

Die maatskappy het 'n *hoër prys vir die aandele R8,00 ☒ (sien 5.2.3)
as die ✓NBW van ✓778 en die ✓markprys van ✓780 sent betaal

* Dit kan 'n hoër/laer/gelyk aan as foute in 5.2.3 gemaak is

5

5.2.8 Thandi Nene besit 416 000 aandele in die maatskappy. Toe die direkteure in Oktober 2017 besluit het om 'n verdere 200 000 aandele uit te reik, het sy besluit om nie nog aandele te koop nie en eerder haar fondse op 'n oorsese vakansie te bestee.

Verduidelik waarom jy voel dat Thandi die verkeerde besluit geneem het. Haal relevante syfers of berekeninge aan om jou mening te staaf.

Berekeninge: As antwoord korrek is, maar geen %, -1 in elke geval

% aandeelhouding voor die uitreik van aandele $416\,000 / 800\,000 = 52\%$ ✓✓

% aandeelhouding na uitreik van aandele $416\,000 / 1\,000\,000 = 41,6\%$ ✓✓

% aandeelhouding na terugkoop $416\,000/880\,000 = 47,3\%$

Verduideliking:

Verduideliking (moet meerderheidsaandeelhouding noem/impliseer bv 50%+ 1 aandeel) ✓✓

Thandi was die meerderheidsaandeelhouer voor die uitreik van addisionele aandele. As sy nie haar aantal aandele vermeerder het nie sal sy nie meer 'n meerderheidsaandeelhouer wees nie. (Selfs na die terugkoop van 120 000 aandele besit sy nog steeds minder as 50% van die aandele)

Antwoorde vir twee punte:

Sy het 'n die kans verbeur om 'n maksimum van R80 000 dividende op die ekstra aandele wat sy kon gekoop het/ sy het ook verloor op die ekstra kapitale groei of ekstra opbrengs op aandele

Nota:

$200\,000 \times 40 \text{ sent} = \text{R}80\,000$ dividende kon verdien word

(Sy sou $200\,000 \times \text{R}8,20 = \text{R}1.64$ milj betaal het vir die aandele)

6

TOTALE PUNTE
70

VRAAG 6

6.1.1 Die hoofdoel van 'n Kontantbegroting is om ... ✓✓

Deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoord

Die verwagte banksaldo aan einde van die begrote tydperk te skat/vooruitskat
 Die verwagte kontant ontvang en betaal oor 'n sekere tydperk te skat/vooruitskat/dophou/kontroleer

6.1.2 Die hoofdoel van 'n Geprojekteerde Inkomstestaat is om ... ✓✓

Deelpunte vir onvolledige / onduidelike antwoord

Die verwagte netto wins/verlies vir die begrote tydperk te skat/vooruitskat
 Die verwagte inkomste en uitgawe vir die begrote tydperk te skat/vooruitskat/dophou/kontroleer.

4

6.2.1 Debiteure-invorderingskedule:

	KREDIETVERKOPE	MEI 2018	JUNIE 2018
Maart 2018	252 000	22 680	
April 2018	288 000	172 800	25 920 ✓
Mei 2018	180 000 ✓✓	51 300	108 000 ☒ 60% of kredietverkope
Junie 2018	216 000		61 560 ✓✓
Kontant van debiteure		246 780	195 480 ☒ Bewerking een deel korrek

7

6.2.2 Bepaal die korting toegestaan vir Mei 2018.

sien 6.2.1 ☒ (✓) ☒ Bewerking, een deel korrek

$$180\,000 \times (30\% \times 5\%) = 2\,700$$

KANNIE R300 000 GEBRUIK NIE

OF

- 51 300 een punt X 5/95 een punt = 2 700 een metode punt
- 180 000 x 30% = 54 000 een metode punt – 51 300 een punt = 2 700 een metode punt

3

Bepaal die oninbare skulde in Junie 2018 afgeskryf.

✓ ✓ ☒ Bewerking een deel korrek

$$1\% \times 252\,000 = 2\,520$$

3

6.3 Bereken die kontantverkope vir Mei 2018.

Bewerkings	Antwoord
300 000 x 40% = OF 300 000 – 180 000	Geen deelpunte 120 000 ✓✓
Bereken die betaling aan krediteure in Junie 2018.	
Bewerkings	Antwoord
300 000 ✓ x 100/150 ✓ x 80/100 ✓ 200 000 twee punte	160 000 ☒ Bewerking een deel korrek

2

4

Bereken die salarisse vir Mei 2018.	
Bewerkings	Antwoord
$\checkmark \quad \checkmark \quad \checkmark \quad \checkmark$ $14\,500 + 11\,600$ $(2 \times 14\,500) + (4 \times 26\,100)$ $29\,000 \quad 104\,400$ OF $(6 \times 14\,500) + (4 \times 11\,600)$ $87\,000 \text{ twee punte} \quad 46\,400 \text{ twee punte}$	$133\,400 \checkmark$ Bewerking een deel korrek

5

6.4.1 Tony is nie bekommerd oor die oorbesteding in advertensies nie. Verduidelik waarom dit so is. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf.

Kandidate moet die positiewe effek van advertering op verkope aandui $\checkmark \checkmark$

Verskaf toepaslike syfers $\checkmark \checkmark$ een punt elk

Verwagte antwoorde vir 4 punte:

Advertensie vermeerder met R3 000 maar Verkope vermeerder met R96 000

OF

Advertensie vermeerder met 37,5% terwyl verkope vermeerder met 20% maar op 'n groter basis.

4

6.4.2 Noem EEN gevolg daarvan as die bedrag verskuldig aan krediteure in April 2018 nie betaal word nie.

Enige EEN geldige gevolg $\checkmark \checkmark$ deelpunte vir onvolledige / onduidelike antwoord

- Krediet aan die onderneming kan deur krediteure gestaak/heroorweeg word.
- Die kredietgradering van die onderneming sal afneem/kan geswartlys word.
- Onderneming sal met rente belas word vir stadige betaling.
- Regsaksie kan deur krediteure geneem word.

2

6.4.3 Noem TWEE punte ten gunste van die aanstelling van Gentex Skoonmaakdienste.

Enige twee geldige antwoorde $\checkmark \checkmark \checkmark \checkmark$

Syfer nie verlang maar mag verskaf word as deel van verduideliking

Deelpunte vir onvolledige / onduidelike antwoord

- Die uitgekонтakteerde skoonmaakdienste sal goedkoper as begrote/werklike bedrae vir lone en skoonmaakmateriaal wees
- Makliker om te begroot/ (vaste kontrak bedrag)
- Kundigheid/professionaliteit/spesi
- Geen onderbreking of ekstra koste a.g.v. werkers op siekverlof ens.
- Geen stoorspasie nodig vir skoonmaakmateriaal nie
- Lei tot vermindering in adminstrasiekoste
- BTW inset kan terug geëis word
- Die skoonmakers kan geroteer word tussen verskillende kliente indien nodig

Verduidelik EEN punt wat Tony in aanmerking moet neem voordat hy hierdie besluit neem.

Enige geldige antwoord $\checkmark \checkmark$ Deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoord

- Sal jy bestaande werkers oorbodig maak/ afdanking of herallokeer van werkers (oorweeg die etiek hiervan)
- Betroubaarheid van nuwe skoonmaakdienste
- Eerlikheid van werkers van uitgekонтakteerde onderneming
- Negatiewe beeld van nuwe skoonmaakdienste
- Of die uitgekонтakteerde onderneming hulle sosiale verantwoordelike program ondersteun
- Instruksies aan skoonmakers moet deur die skoonmaakdienste gegee word
- Terme van die kontrak rakende verhoging van die fooi

Antwoord vir een punt:

- BTW word op skoonmaakdienste gehef

6

TOTALE PUNTE

40